DEEL 116 | WEEK 14 | 5 APRIL 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# WATERNOOD IN DORP: STEEDS GEEN ANTWOORDE

DA-raadslid Robert Ferendale kla dat Ngwathe se munisipale bestuurder aanhou swyg oor Heilbron se voortslepende waternood. "Mens wonder of enigiemand in die munisipaliteit hoegenaamd probeer om ons krane weer normaal te laat vloei," sê hy. Hy het reeds verlede maand twee briewe met vrae daaroor aan die waarnemende Munisipale Bestuurder, Mnr Tebogo Manele, per e-pos gestuur (Heilbron Herald, 15 Maart). Dit was teen die agtergrond dat die Randse Waterraad (RWB) enkele maande gelede as 'n kredietbeheermaatreël die watervloei na Heilbron ingeperk het. RWB voorsien Heilbron van kraanwater dmv 'n pypleiding, omdat die dorp se fonteine lankal nie meer voldoende water lewer nie. Ngwathe skuld die RWB tans egter rondom R67m vir wateraankope.


In sy briewe verlede maand wou Ferendale weet of Ngwathe reeds 'n aanbod aan RWB gemaak het om sy agterstallige skuld te begin delg. "Indien nie, wou ek weet waarom nie," sê Ferendale aan die Herald. Sy briewe is nie een beantwoord nie, tot sy frustrasie. "Dis tog duidelik Ngwathe moet nou sy agterstallige skuld aan RWB aanspreek alvorens Heilbron normale watervloei gaan kry. Maar Ngwathe swyg, my briewe word nie beantwoord nie." Die kwessie word ook nie op die raad se staande komitee oor infrastruktuur bespreek nie. "Die rede is kommerwekkend: die komitee kom eenvoudig nie bymekaar nie." Hy sê die komitee, soos die meeste van die ander staande komitees, is veronderstel om maandeliks te vergader.

Ferendale sê hy het daarom Dinsdag opnuut aan waarnemende munisipale bestuurder Manele geskryf: "Some parts of Heilbron have been without water for nine days again. People are getting frustrated. Has RWB been paid, and/or a payment plan proposed? Schools are opening tomororrow and face a health hazard without tap water." Hy het gisteroggend nog nie 'n antwoord ontvang nie.

Heilbron kry tans baie minder water as wat die toevoerpyp kan dra. "Dis waarom ons krane stadig loop, en plek-plek is die waterdruk só laag dat krane heeltemal opdroog," sê Ferendale. Dan moet water in kanne of emmers aangedra word, wat veral skole en bejaardes verontrief. Dis ook die geval by Tokollo hospitaal, waar die krane droog is en pasiënte water uit Jojo-tenks kry. Ngwathe se trekker kan nie meer water aanry nie, want dis lankal stukkend. "Ek kry klagtes en navrae elke dag, " sê Ferendale. "Mense is raadop — party is woedend."

Ferendale sê die waterprobleem in Heilbron is self geskep "En was en bly totaal onnodig". Hy sê die DA fokus oral op beter dienslewering. "Daarom beloof die DA op 29 Mei gehaltediens oral waar ons regeer, bv water in elke kraan — altyd"

Hy sê hy en sy DA-kollegas sal aanhou veg daarvoor in Heilbron.











# Heilbron-Based Tech Entrepreneur Launches Social Media App: Meet Tatu Melato

Heilbron's tech scene is abuzz with excitement as local entrepreneur Tatu Melato makes waves with his innovative mobile social media app, ChatBase. Tatu, a tech genius and accomplished animator, has firmly planted his name among rising stars in the global tech community.

ChatBase is not your average social media platform. It's a dynamic mobile app designed to facilitate seamless communication and connection between users. With features like group chats, multimedia sharing, status updates, and location sharing, ChatBase offers a comprehensive social experience tailored to today's digital natives. Available exclusively on Android devices, the app has quickly gained traction among South African users for its simplicity and user-friendly interface.

Tatu Melato's journey into the tech world is a testament to passion and innovation. A lifelong fascination with technology and animation paved the way for ChatBase's creation. "I've always been drawn to computers and animation," Tatu shares. "The COVID pandemic provided me with the opportunity to delve deeper into my interests and turn my ideas into reality."

Tatu's vision for ChatBase was clear from the start: to craft a platform that prioritizes user experience and fosters meaningful connections. "We wanted ChatBase to be more than just another messaging app," Tatu explains. "It's about bringing people together, making communication effortless, and sparking creativity."

As ChatBase gains momentum, Tatu Melato's star continues to rise in the tech industry. His dedication to innovation and user-centric design has earned him recognition as a promising entrepreneur to watch. Beyond ChatBase, Tatu remains committed to his passion for animation, constantly pushing boundaries and exploring new horizons.

With ChatBase's growing user base and Tatu's ongoing ventures in animation, the future looks bright for this Heilbron-based tech trailblazer. As he continues to innovate and inspire, Tatu Melato is poised to leave a lasting impact on the tech landscape, both locally and globally.



## NalediThabang charity organization

NaledieThabang charity organization located in the heart of Heilbron no 1258 Khumala Street, New Location (Motampelong). Due to poverty, we as the organization saw the need to lend a hand in helping the community to feed children from 0-15 years on weekends (Saturday and Sunday). We provide them with a cup of soup and bread. At NalediThabang we believe when you feed a child you build a nation. And we are intending to do more to elevate poverty in our community. However, in order to achieve more of this, we need help from the community at large. Anyone who would like to contribute to helping the children in our community is highly welcomed.

**For more information please contact:**
Moses Thabang Ntaoli at 067 114 8251
Registration no 304-353 NPO



## UIT DIE PEN:

Week 14

Jy sien hulle orals: by die verkeersligte, parkeerterreine en in winkelsentrums. Soms is daar iemand wat agter my aan loop terwyl ek inkopies doen.

By ’n kruising nie ver van ons af nie, is daar ook een. Al van vroeg af, seker so seweuur. Soms met ’n plakkaat met ’n snaakse boodskap, soms met ’n skudblikkie, ander kere net met die bakhand.

Die een by die kruising bly by ’n plek vir haweloses. Hy word elke oggend by die kruising afgelaai en daar staan hy, bankvas, op die wit lyn. Met sy blikkie. Die naam van die haweloseplek is op die blikkie. Wat ek glad nie verstaan nie, is hoe haweloseplekke die man kom aflaai om te bedel. Is die doel van die haweloseplek nie juis om mense vanaf die strate te hou nie? Dalk net my simpel verstaan daarvan.

Daar is ’n ander man en sy vriend wat ’n ander kruising veilig hou, sê hy. Of dit regtig veilig is, weet ek nie. Hy en sy vriend het ’n graaf, ’n hark en ’n besem. Hulle plakkaat sê dat hulle die kruising veilig hou deur die graaf kort te hou. Ek het nooit veiliger gevoel reg langs ’n persoon met ’n graaf en ’n hark nie.

Ek het geen idee hoe iemand op straat beland nie. Ek glo dat daar ’n hele zoer redes sal wees waarom dit met iemand gebeur. Dalk het ’n belangrike saketransaksie skeefgeloop het (een waar jy elke eier, tot die paaseier, in een mandjie gegooi het). Dalk dwelms en drank? Vinnige vroue en mooi perde? Ek weet nie. Daar is duisende redes daarvoor.

Iedergeval, ek verwys na die bedelaars. Maar vandag wonder ek nie oor bedelaars nie. Ek wonder oor mense wat wel werke het.

Ek wonder hoekom mense nie hulle werk beter oppas nie?

Ek het ’n nege-tot-vyf werk. Goed, nou nie heeltemal nie. Dalk eerder half nege tot half vyf. Met ’n uur se etenstyd. Ek het ’n redelike mooi kantoor waar ek gemaklik kan sit. Verder het my werkgewer vir my van ’n telefoon voorsien. Nie ’n selfoon nie, ’n lessenaarfoon. Wat die lewe lekker maak, want ek hoef nie elke minuut van die dag ’n werksfoon by my te dra nie.

Hy betaal ons kantoor se data, want ons moet e-posse kan stuur. Hy voorsien ons van vars water en soms kry ons met spesiale geleenthede iets te ete. Wanneer ons kliënte moet besoek, dra hy al ons koste. Wel, nie hyself nie, die maatskappy betaal dit.

Alhoewel my dag eers half nege begin, is ek lank voor dit reeds op kantoor. Dan begin ek met e-posse of voorbereiding vir vergaderings. Ek loop baie keer eers na half vyf.

Ek probeer om elke dag betyds te wees, ek probeer ook regtig om my werk na die beste van my vermoë te doen. Ek probeer my bes om elke dag meer as my deel te doen, en meeste van die tyd slaag ek daarin.

Ek sê nie bogenoemde om indrukwekkend te klink nie. Geensins nie. Ons is dalk so grootgemaak. Om elke dag met mening aan te pak, al voel ons geensins so nie.

Ek kan nie onthou dat enigeen in ons familie my werksetiek geleer het nie. Ek weet nie of iemand ooit vir my moes sê om ordentlik aan te trek nie, of om netjies te lyk vir werk nie. Ek weet nie dat iemand al ooit lus was om my huis toe te stuur omdat ek sleg gelyk het nie. Dalk was daar diegene, maar wat nie die moed daarvoor gehad het nie.

Ek probeer hand bysit by enige ding waar ek voel ek kan help, probeer meer as my kant bring. Ek dink dit het my nogal in my lewe gehelp.

Maar, o, wee. Ek sukkel om aan mense gewoond te raak wie nie soos ek dink nie. Op ’n mooi dag het iemand vir my gevra wat ek nie kan doen nie. Wel, daar is seker nie baie goed wat ek nie kan doen nie, dalk net goed waarin ek nie baie suksesvol is nie. Of waarvan ek nie hou om te doen nie.

Wat my agterent lekker krap is mense wat nie hulle werk waardeer nie. Nie die ekstra vrag wil dra nie. Ek sal die eerste een wees wat erken dat mense baie uitgebuit word. Dit is nie altyd die geval nie.

Ek sien werkendes wat presies net-net nie doen wat op hulle pligstaat staan nie. Die minimum, dit is waarmee hulle tevrede is. En dan wonder hulle waarom die werkgewer eerste na hulle kant gaan loer wanneer daar afleggings ter sprake is? En hoekom die wêreld teen hulle is.

Hier is ’n maklike toets: probeer ’n boks dra. Wanneer niemand vra om jou te help nie, is dit die werknemer wat nie die pad saam met jou sal loop nie. Bring ’n stuk pizza te voorskyn: dis die ene wat jou gaan bankrot vreet nog voordat jy hulle eerste salaris betaal het.

Vra wie die beste gekwalifiseer is vir die werk: die ene wat eerste opspring is die ene wat gaan lyf wegsteek.

Hoe ouer ek word, hoe swakker sien ek. Maar hoe beter sien ek dwarsdeur mense. Hoe meer beleef ek mense wat wil werk en diegene wat regtig nie geïnteresseerd is om te werk nie.

Is hulle nie bang dat hulle ook eendag hulle werk gaan verloor nie.

Ek is vrek bang, want die laaste ding wat ek wil doen, is om op ’n straatkruising te moet gaan staan en bedel vir werk of kos.

Ek wonder vandag hoekom nie almal ernstig is oor hulle werk nie? Sou die lewe nie baie makliker gewees het nie?

# Beweerde ‘Spookwerkers’:

## *Word feite verdoesel?*

Opposisieraadslede wonder waarom hulle, na vyf maande, steeds nie die volle waarheid weet oor Ngwathe se sogenaamde munisipale ‘spookwerkers’ nie. “Another month gone, yet no report on the ghostworker allegations in Ngwathe,” het DA-raadslid Arnold Schoonwinkel eergister geskryf aan ANC-raadslid Toyi, voorsitter van die raad se staande komitee oor openbare rekeninge (MPAC) “What have you done, and what do you propose doing to ensure MPAC finally obtains a report originally promised for 25 October 2023?”

Herald het verlede jaar oor Ngwathe munisipaliteit se beweerde ‘kamma-werknemers’ berig. Hulle ontvang vol salarisse sonder dat hulle voltyds (of selfs deeltyds) werk (Herald, 27 Oktober). “Hulle verskyn op die munisipale betaalstate, maar rapporteer óf gladnie vir diens nie, óf meld soggens aan en verdwyn net daarna,” aldus Rdl Schoonwinkel.

Op ’n vergadering van die Finanskomitee verlede Oktober het Schoonwinkel gesê hy is vertroulik ingelig Ngwathe het talle spookwerkers wat ten volle betaal word “sonder om ’n steek werk te doen.” Hy het verwys na DA-vrae in Mangaung metro-munisipaliteit, wat daarop uitgeloop het dat 119 spookwerkers vroeg verlede jaar ontmasker is. In MaP, die munisipaliteit met Harrismith as hoofdorp, het DA-ondersoeke, met die steun van die VF+ asook sekere ANC-raadslede, gehelp om 26 spookwerkers aan die kaak te stel.

Raadslid Phillip van der Merwe (VF+) het hom gesteun, en gekla Ngwathe beskik tans nie oor 'n doeltreffende in- en uitklokstelsel vir amptenare nie. “Dit maak sogenaamde ‘spookwerkers’ moontlik,” het hy gesê.

Ander raadslede het ook van spookwerkers vertel. Een opposisieraadslid het beweer ’n munisipale werker in Koppies meld soggens vir diens aan by die munisipale kantoor en verkas dan dadelik om haar spaza tuis te gaan bedryf. “En niks gebeur nie,”. Selfs 'n ANC-raadslid het gesê hy hoor sekere munisipale amptenare in Vredefort drink tydens kantoorure in ’n kroeg, wat hy nogal glo “want bedags is hulle kantore leeg”. Hy kon die drinkery nog nie bewys nie, want die drinkende werknemers kruip glo weg wanneer sy voertuig in die omgewing kom.

Raadslede van alle partye het toe aangedring op ’n volledige ondersoek. ’n Senior amptenaar het verseker so ’n ondersoek vind reeds plaas, en dat die verslag op 25 Oktober gereed sou wees. “Sedertdien hoor ons niks, absoluut niks,” se Rdl Schoonwinkel, ”ten spyte van my herhaalde skriftelike navrae.” Volgens hom is sy brief eergister sterk gesteun deur sy medelede van MPAC.

POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# Huppel Trippel speel noot-vir-noot

Dit was, soos gewoonlik, weer 'n genotvolle en ontspanne oggend in Huis Bron-van-Heil se eetsaal. Span A het meegeding teen Span B om die liedjie reg te raai met so min as moontlik note. Hierna het die spanne hulle "prysgeld" ontvang in die vorm van 'n tjoklit vir die wenspan; en 'n suigstokkie vir die verloorspan. Die "note-meester" was weereens Martie Olivier.

Bettie Swart het vir Madelein Fourie en Magdaleen van Rensburg bedank vir die splinternuwe liedboeke wat hulle vir HT gemaak het met die hulp van Madelein se dogter.

Die oggend is afgesluit met die gebruiklike koek en tee. As 'n bonus het Bettie almal bederf met varsgebakte mosbeskuit. Die volgende saamkuier sal handel oor die bekende en onbekende geskiedenis van Frankfort.



*Op die foto regs bedank Bettie Swart vir Madelein en Magdaleen vir die saamsing-liedboeke wat hulle gemaak het.*

# Wêreld outisme bewustheidsdag

Dit is 'n besondere geleentheid om die prag en uniekheid van individue met outisme te vier!

Elke persoon op die outismespektrum bring 'n waardevolle perspektief en unieke talente na die wêreld, wat ons gemeenskappe op maniere verryk wat dikwels ongesiens bly.


Wanneer ons Wêreld Outismebewustheidsdag vier, skep ons 'n geleentheid vir groter begrip en aanvaarding in ons skole, huise, en werksomgewings. Dit help ons as samelewing om almal rondom ons in te sluit en te waardeer, sonder om die norm te vereenselwig met, wat "normaal" is.

Die dag moedig ons aan om ons te verdiep in die ervaring van outisme en hoe ons mekaar beter kan ondersteun en akkommodeer. Laat ons bewustheid en begrip versprei en saamwerk vir 'n inklusiewe en ondersteunende samelewing vir almal, waar die sterktes en prestasies van individue met outisme gevier word.

Saam kan ons 'n betekenisvolle verskil maak!




## INSPIRASIE RESEPTE




**MOLASSE MULTI SEED BREAD**

320g all-purpose flour
200g whole-wheat flour
130g toasted sunflower seeds
150g toasted pumpkin seeds, 4 tablespoon sesame seeds
4 tablespoon black sesame seeds, 2 teaspoon baking powder
1 teaspoon baking soda, 1 teaspoon salt

**Wet Ingredients**
620 ml Amazi. room temperature, 3 large egg, room temperature
120ml oil, 80g Honey, 80g Molasse, Makes 2 loafs

**Instructions**
Preheat oven at (175ºC), conventional mode using upper and lower heat. Butter and line (11 cm x25 cm) loaf pan. Set aside.

**Dry Ingredients**
Add all dry ingredients into a bowl, mix well with a spoon and set aside.
**Wet Ingredients**
Into another bowl, add all wet ingredients and whisk everything together using a hand whisk. Pour into the dry ingredients bowl. Whisk until everything is well combined. Don't over mix to avoid hard bread.
**Bake**
Pour the batter into the loaf pan and spread evenly. Sprinkle the topping seeds evenly on top. Bake on a lower 2/3 rack for 45 minutes or until golden brown and a skewer inserted in the centre comes out clean.
Remove from the pan and leave to cool completely on a rack before slicing.
Freeze until needed, slice and toast!

## Troosdiens van Joné Crause



*Joné se troosdiens vind plaas Saterdag 6 April, 11:00 vanuit die NG Kerk Moedergemeente Heilbron. Sy laat na haar broer en sy gesin. Baie sterkte aan die familie.*






# Heilbron-tak laat nie gras onder hulle voete groei nie




Die AfriForum-tak in Heilbron het opnuut in Maart bewys dat dit nie nodig is om dae lank aaneen te werk om 'n verskil te maak nie. Hierdie tak het elke week net een dag opsy gesit om 'n verskil in dié dorp te maak.

Die plaaslike gholfbaan het hul trekkergrassnyer vir die tak beskikbaar gestel en daarmee kon die tak die Voortrekkerterrein se gras binne die terrein én om die terrein sny. Verder het hulle ook die beddings netjies gemaak. By die Riemland-museum het die tak ook die gras gesny en onkruid verwyder.


Die AfriForum-tak het ook in Langmarkstraat die gras langs die pad gesny, middelmanne en die straatvore skoongemaak. Die tak het weekliks skoonmaak-aksies soos dié waarby gemeenskapslede betrokke kan raak.

"Hierdie tak maak 'n reuseverskil in die dorp en dit neem hulle net een dag per week om dit reg te kry. Ons sal graag wil sien dat meer gemeenskapslede betrokke raak by hierdie aksies of deur 'n donasie aan die tak. Saam kan ons 'n verskil maak en ons dorpe netjies hou," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

"Ons het nog soortgelyke aksies wat voorlê vir die jaar en ons nooi almal uit om te kom help. Ons wil nie net 'n verskil sien nie, ons werk hard om die verskil te wees," sê Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum se Heilbron-tak.

Kontak vir Paul Bergh by 081 354 3073 of besoek www.wordlid.co.za om betrokke te raak by jou naaste tak.





**Alta Pretorius**
Distrikskoördineerder: Mooirivier AfriForum
Sel: 081 392 2071
E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za

**Gerrie Muller**
Takvoorsitter: Heilbron AfriForum
Sel: 083 620 7018
E-pos: voorsitter.heilbron@afriforumtak.co.za

**Chanté Kelder**
Mediaskakelbeampte AfriForum
Sel: 063 627 1692
E-pos: chante.kelder@afriforum.co.za

# Krag styg met 12,7%

Eskom het sy elektrisiteitstariewe op 1 April 2024 verhoog, en Suid-Afrikaners sal hul maandelikse elektrisiteitsrekening aansienlik sien styg, met residensiële krag-tariewe wat oor die algemeen met ongeveer 12,7% styg.

Die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) het die volgende tariefverhoging vir Eskom direkte klante en plaaslike owerhede vasgestel:

- **Plaaslike owerheidstariewe:** 1 Julie 2024 – 30 Junie 2025: 12,72% verhoging
- **Eskom direkte klante:** 1 April 2024 – 31 Maart 2025 (alle tariewe behalwe die bekostigbaarheidstoeslag: 12,74% verhoging)
- **Homelight 20A:** 12,74% verhoging
- **Bekostigbaarheidstoeslag:** 25,24% verhoging

Daar is geen tariefstrukturele veranderings vir 2024/25 nie.

NERSA het in Januarie 2023 'n 12,74% elektrisiteitstarief verhoging vir die 2024/25 finansiële jaar goedgekeur. Die goedkeuring het gekom op dieselfde tydstip as die goedkeuring van verlede jaar se elektrisiteitstarief verhoging van 18,65% – aansienlik minder as die 32,02% verhoging waarvoor Eskom gevra het. Gesamentlik verteenwoordig die twee prysverhogings 'n 33,8% elektrisiteitprysverhoging oor twee jaar.

NERSA het gesê dat dit inkomste van R318 miljard vir die 2023/24 finansiële jaar en R352 miljard vir die 2024/25 finansiële jaar goedgekeur het. Eskom het die besluit verwelkom ten spyte daarvan dat hulle op meer gehoop het. MyBroadband het bereken hoeveel maandelikse verhogings huiseienaars vanaf 1 April 2024 sal moet betaal, vir huishoudings met verskillende vlakke van elektrisiteitsverbruik. Die berekeninge was gebaseer op huishoudings wat 'n gemiddeld van 600kWh, 900kWh, 1,200kWh, en 1,500kWh elektrisiteit per maand gebruik. Diegene wat 600kWh gebruik, sal R168,24 meer per maand betaal, ongeag watter huiskrag-tarief hulle op is. Huishoudings wat elke maand 900kWh elektrisiteit verbruik, sal hul koste sien styg met R398,52 op die "Homepower" 1-tarief, R388,53 op die "Homepower" 2 en 3-tarief, en R405,81 op die "Homepower" 4-tarief. Residensiële eiendomme wat 1,200kWh elektrisiteit per maand verbruik, sal hul maandelikse kragkoste sien styg met tussen R518,04 en R541,08, afhangende van die tarief waarvoor hulle kwalifiseer. Huishoudings wat 1,500kWh verbruik, sal ongeveer R664 meer per maand op die "homepower" 1-tarief betaal, R648 op "Homepower" 2 & 3, en R676 vir "Homepower" 4-gebruikers.




# Dankie Dr. Ghani

Ek is ongelooflik dankbaar dat ek my verhaal, te danke aan die uitsonderlike sorg van Dr. Ghani, kan deel. Ek dank die Here elke dag vir sy kundigheid en toewyding wat my uit 'n afgryslike nagmerrie gered het. Dr. Ghani het nie net my oë letterlik oopgemaak nie, maar ook figuurlik, deur my te lei na 'n pad van beter gesondheid en lewenskrag.

Ek beveel Dr. Ghani ten sterkste aan as 'n merkwaardige dokter wie se toewyding aan sy pasiënte ongeëwenaard is. Sy medelye, vaardigheid en onwrikbare ondersteuning het 'n diepgaande verskil in my lewe gemaak.

Met opregte waardering,
Chrismari Badenhorst

I am immensely grateful to share my story of transformation, thanks to the exceptional care provided by Dr. Ghani. Every day, I thank the Lord for his expertise and dedication that rescued me from a harrowing ordeal. Dr. Ghani not only opened my eyes literally, but also figuratively, guiding me towards a path of renewed health and vitality.

I wholeheartedly endorse Dr. Ghani as a remarkable physician whose commitment to his patients is unparalleled. His compassion, skill, and unwavering support has made a profound difference in my life.

With sincere appreciation,
Chrismari Badenhorst



# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION / VEILING)

**Case No. 06/2024**

In the Magistrate's Court for the District of Fezile Dabi held at Heilbron.
In the matter between:
**TG HENDRIKS BOERDERY**
***Execution Creditor***
and
**MPHIKELELI FARMING (PTY)LTD**
2nd Execution Debtor
***Execution Debtor***

1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 13th day of February 2024 in the **Heilbron Magistrate's Court** and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under mentioned goods will be held.
**The particulars of the sale / auction are as follows:**
1.1 Date: 29th day of April 2024
1.2 Time: 13:15
1.3 Place: Magistrates Court, Els Street, Heilbron
2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 van 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. FICA - legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee of is payable before commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneers WF Minnie.
8. Method of payment: cash, bank gauranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**Description of goods or property**
1. Red Linhai 4 wheel motorbike
2. Whirlpool Silver Refrigerator
3. Defy Dishwashing machine
4. 4 Piece wooden lounge suite
5. Skyworth Flat Screen TV
6. Wooden TV stand
7. 7 Piece Dining room set
8. Wooden Wall Unit
9. Top Loader Washing Machine
10. Kelvinator Microwave oven

Dated at Heilbron on 13 March 2024.
**R SCHUTTE**
**Execution Creditors/Attorneys**
**Cornelius & Partners Inc**
**40 Church Street, Heilbron, 9650**
**P.O Box 205/591, Heilbron, 9650**
**Tel No. : (058) 85 22035, Fax No. : (058) 85 21838**
**Email: litigasie@corven.co.za**
**Ref: TGH1/0002/TVS**
SHERIFF OF THE COURT

## BOEDELKENNISGEWING

**KENNISGEWING** in die **BOEDEL VAN WYLE PETRUS JACOBUS CLAASEN**
**Identiteitsnommer: 380522 5029 08 0,** in lewe 'n Pensionaris woonagtig te Huis Silwerjare, De Wetstraat 1, Petrus Steyn, 9640,
getroud binne gemeenskap van goedere aan
**CHRISTINA MAGDALENA CLAASEN,**
**Identiteitsnommer: 430228 0023 08 2.**
**DATUM VAN AFSTERWE: 13 September 2012**
**BOEDELNOMMER: 11606/2012**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Supplementêre Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te PETRUS STEYN vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**


POSTNET HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON | Tel: 058 853 0006


## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **RABIE**
First names: **ERINA**
Estate number: **1058/2024**
Identity/passport number: **550508 0033 080**
Date of death: **6/12/2023**
Last address: **64 LANGMARK STREET, HEILBRON**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE/B0107/549**
**DATE SUBMITTED: 2024/03/19**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/04/05**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle **MAGDALENA PETRONELLA RAUTENBACH, Nommer 000849/2023, Identiteitsnommer 501116 0083 087** wat gewoonlik woonagtig was te **PLOT 26/28, HEILBRON** en wat te Heilbron op 23 Maart 2022 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 26ste dag van Maart 2024.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**VERW: RAU9/0001/JHJ/cm**

## NOTICE OF INTENTION TO APPLY IN TERMS OF SECTION 27

Read with Section 31 for registration.
**FREE STATE GAMBLING AND LIQUOR ACT, 2010**
Notice is hereby given that **HANS ADOLF CHRISTIAAN BURMEISTER** intends to lodge an application on 5 April 2024 particulars of which appear hereunder:
Municipality: **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
Full Names, street, and postal address of applicant and identity no. or registration no.: **HANS ADOLF CHRISTIAAN BURMEISTER, 6402015128087, 90 BREË STREET HEILBRON, 9650**
Kind of registration applied for:
**RESTAURANT LIQUOR LICENCE**
Kind of product to be sold/manufactured: ALL KINDS
Name under which business is to be conducted and full address of premises:
**THE OLD GOAT AND FOX PUB AND GRILL, 46 BREË STREET HEILBRON, 9650**
Name of, nature, of and distance to Institution of learning, similar registered premises and places of worship: SCHOOL OF DESTINY- 950m,
NG MOEDERKERK – 450m and
SAN JO'S RESTAURANT – 350m
Any person may, within 21 days from 5 April 2024 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full name, identity number, residential address, postal address, and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of the office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is No 36, 1st Avenue, Westdene. Bloemfontein, 9300.
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**E-MAIL: elzette@jasenprokureurs.co.za**
**Verw: BUR3/0001/JHJ/es**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **20 April** | PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal AP Kerk Gholfdag |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **1 Jun** | Bronnies Gholfdag |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van **WYLE ANNA ANTOINETTE WEIDEMAN, Identiteitsnommer 420530 0061 083,** ongetroud in lewe 'n pensioenaris, woonagtig Huis Bron-van-Heil, Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 001082/2023**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VD MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47, POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**






# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
**• Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
**• John Watson** john@heilbron.co.za
**• Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**• Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
**• Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
**• Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**• Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**• Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
**• Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




# HERALD Sport


AP Kerk Heilbron Gholfdag

20 April 2024

Pryse

Skaap of Blesbok vleis pryse en ander pryse

Vir nie - gholfers
Skaap of Blesbok en ander pryse

Heilbron Gholfklub

Beprekings: Shaun Hayward 076 9816766

Inskrywing: R 350 per speler

Formaat: Best Drive Better Ball

Afslaan: 10:30 vir 11:00

Halfweg ete – Burger & skyfies

Aand – Steak-ete



WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National



PLOEG SE MOER

VISVANGWURMS R50

ERDWURMMIS R400 VIR 20L



HEILBRON GHOLFKLUB

Host your SPECIAL EVENT at our Club Hall

Enquiries Can be made at Club Or WhatsApp 082 940 1183

Cutlery, Cash Bar Tables & Chairs are included



GiG Technologies (Pty) Ltd

Installasies van top kwaliteit Sekuriteitstelsels Vir jou huis of besigheid.

Kontak ons gerus vir n gratis kwotasie

072 840 4491 info@gigtechnologies.co.za


Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| TUM | BESONDERHEDE | |
|---|---|---|
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |


VACANCY

Arum Lily Collection

Full time job opening for a lady to join our team working in Heilbron. Salary R8 000 p/m

**Requirements:**
Guesthouse Bookings, Quotation, Marketing, etc
(Detailed job discription to be discussed during interview)

**Skills and Qualities:**
- Excellent communication skills
- Excellent administration skills
- The ability to multi-task
- Good computer skills
- Friendly, trust worthy and honest
- Ability to work calm, attentive and efficient in a fast-paced environment.

Send your CV with a recent photo to: headoffice@arumlilycollection.co.za
Closing Date: 14 April 2024



BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 8 APRIL 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 9 APRIL 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

SONOP BOEREVERENIGING
REUSE VETVEEVEILING
11:00, Sonop BV saal
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**WOENSDAG - 10 APRIL 2024**

REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling.
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

LEANDRA: EERAS BOERDERY
STAAK SAAIBOERDERY VEILING
11:00, plaas Ditmoed/Moedverloren
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

BULTFONTEIN: MILNE TRUST
520 Simbras
11:00, veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 11 APRIL 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 12 APRIL 2024**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VILJOENSKROON: JAN VAN BILJON
TOP SENEPOL KUDDE
11:00, Niekerksrust
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



WHEELCHAIR TO WORLDCHAMP

saam Vicky Scheepers

Gratis Ingang & Ete
20 April 2024
NG-Suid Kerksaal, Heilbron
om 13:45

Your Mess... His Message
His Story... Your History
To Be Shared!

Bespreek teen 17 April
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775

PitStop for JESUS

SHOW and SHARE your SCAR!



BOERE BANDE
Our quality is our pride!

24/7 SERVICES

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866